

# Welkom by NG The Reeds

## Veilige hawe vir nuwe hoop

Kan rerig niks ons van die liefde van God skei nie?


Ons hulp is in die Naam van die Here,
die God wat vir ons is,
wat sy eie Seun nie gespaar het nie,
maar Hom vir ons almal oorgegee het.
Niks kan ons skei van sy liefde nie.
Amen.


Mag die liefde van God
wat nooit ophou nie,
die vrede van Christus
wat alles oorwin,
en die nabyheid van die Gees
wat ons dra,
vandag op jou rus.

# VONKK 142:1

Jesus, Verlosser, U daal tot ons neer.
Wonderbare Raadsman, U is ewig Heer!
Ons kom in aanbidding, buig tot in die stof.
Heer, ontvang ons loflied, aan U al die lof!
Jesus, Verlosser, U daal tot ons neer.
Wonderbare Raadsman, U is ewig Heer!

VONKK 142:2

**Kniel voor ons Koning,**
**laat ons voor Hom buig.**
**Bring aan Hom die ere,**
**laat ons harte juig!**
**In ons donker harte, stuur Hy weer sy lig.**
**Hy kom na die aarde, om ons op te rig!**

**Kniel voor ons Koning,**
**laat ons voor Hom buig.**
**Bring aan Hom die ere,**
**laat ons harte juig!**

# Romeine 8:35-39



31. Wat is nou ons gevolgtrekking oor al hierdie dinge? Dít: **God is vír ons, wie kan dan teen ons wees?** 32. Hy het sy eie Seun nie gespaar nie, maar Hom oorgelewer om ons almal te red. Sal Hy ons dan nie al die ander dinge saam met Hom uit genade skenk nie? 33. Wie kan die uitverkorenes van God aankla? God self **spreek** hulle **vry**. 34 Wie kan ons veroordeel? Christus Jesus het gesterf, maar meer as dit: Hy is uit die dood opgewek, Hy sit aan die regterhand van God, Hy **pleit** vir ons.

35 **Wie kan ons van die liefde van Christus skei?** Lyding of benoudheid of vervolging, honger of naaktheid, gevaar of swaard?

36. Daar staan immers geskrywe: "*Dit is oor U dat die dood ons dag vir dag bedreig, dat ons soos slagskape behandel word*."

37. Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat vir ons liefhet.

38. Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte 39. of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping **kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here.**

# Life is difficult!




Life is difficult
Jy voel of die Here
nie meer van jou hou nie.


Life is difficult
Jy besef jy het jou lewe
opgemors en wil nuut begin,
maar kry nie stukke weer bymekaar nie

# Ons teksgedeelte is ‘n gevolgtrekking en opsomming van Romeine 5-8





Dit het alles te doen met **God se liefdesaksie** wat Hy **deur Jesus Christus** op aarde kom doen het en steeds deur sy Gees doen

Die weduwee van Nain

Die ouers wie se kind aan epilepsie gelei het

Die vrou by die put

Die vrou wat in owerspel betrap is

Die Romeinse offisier wie se kind siek was

Die tollenaar in die boom

Sovele blindes, dowes, melaatses



Hy het dit nie daar gelaat nie…

Kruis, Opstanding, uitstorting van Gees en hemelvaart

“*Vrysprekend*” en “*pleitend*” (34)

# Wat is ons gevolgtrekking oor al hierdie dinge?

God is vir ons!

Geen twyfel by Paulus – God het vir eens en vir altyd aan ons kant kom staan



# God is vir ons! Wie kan teen ons wees?

God is vir ons!

Drie misvertande:

- God-vir-ons-teologie
- God-vir-ons as dit goed gaan
- Niks - sal ons tref nie





# God is vir ons! Wie kan teen ons wees?

As jy wil weet of God vir jou is, kyk na sy hart – nie na omstandighede



# God se liefdesaksie bring Paulus in verwondering

Hy praat nie meer nie – hy sing!

Oorwinningslied, 'n werwingslied




# God se liefdesaksie bring Paulus in verwondering


Hy kon oor ander goed ook gesing het

Paulus sing met oop oë in omstandighede

# Lys van omstandighede wat ons vrae laat vra:




Sy lied gaan oor in ‘n persoonlike aard




# Sy lied gaan oor in ‘n persoonlike aard

Wanneer dit voel of die hel in hierdie lewe losbreek, kan ek weet: God hou my nog vas.

# Sy lied gaan oor in ‘n persoonlike aard




As die helse smarte my vasgryp, mag ek glo:
God is nog daar.



# Sy lied gaan oor in ‘n persoonlike aard

As eensaamheid en leegheid jou lewenskragte tap, mag jy glo: ek is nie alleen nie



# Sy lied gaan oor in ‘n persoonlike aard

As droefheid oor ‘n sterwende kind of ma of pa jou hart wil ooopbreek, sê God: Ek verstaan.




# Sy lied gaan oor in ‘n persoonlike aard

As die finaliteit van kanker of siekte jou keel wil toedruk met angs, sê Jesus: Ek is met jou

# Sy lied gaan oor in ‘n persoonlike aard



As verterende skuldgevoelens, selfverwyt en frustrasie jou laat gryp na ‘n oordosis pille of ‘n rewolwer, sê Jesus: Moenie, Ek het dit reeds gedra




# Sy lied gaan oor in ‘n persoonlike aard

In uitrste verskrikking en godverlatenheid
mag ons weet: God is daar vir ons, altyd, aanwesig..
en niks kan ons van sy liefde skei nie.

# Life is difficult





God se liefde is onbreekbaar

Nagmaal is hierdie oorwinningslied in simboolvorm

Ons word uitgestuur om self ’n lied van liefde te sing in die wêreld

# Gebed



# FLAM 60

U liefde kleur
die blou-blou helder hemel.
U goedheid rys
die dagbreek oor die see.
U almag blink in maanlig
oor die berge.
Die skoonheid van U skepping
sleur my mee.


U glorie sprei in vlerke
van ’n arend.
Genade sweef in wolke
hoog en vry.
Die skepping sing vir my
gewone sterfling.
Die Skepper God se liefdeslied
weerklink in my.

Ek sien die kruis,
ek volg U spoor na Golgota.
Ek sien die kroon,
die dorings wat U dra.
Ek kniel hier neer
om nederig en dankbaar
vergifnis vir my sondeskuld te vra.

Ek ken die kruis,
ek ken die Man van smarte.
Ek voel U pyn.
U liefdesbloed bevry.
En van die kruishoutkoppie
styg die note.
Die Lam van God se liefdeslied
weerklink in my.

# Dankoffers




Mag die God wat vir jou is, jou bewaar,
die Christus wat jou liefhet, jou lei,en
die Gees wat in jou woon, jou dra.
Amen.